# AFRIKAANS AKTIWITEITE

# Graad R-9

**Hierdie dokument is saamgestel deur die Beyond Eduction- program studente van 2020.**

Geagte ouers, voogde en leerders.

Hierdie dokument bevat aktiwiteite saamgestel deur opvoedkunde Studente, deel van die Beyond Education Program van die Universiteit Stellenbosch. Die program is hierdie jaar geloods as deel van die portefeulje, 'Sosiale Impak-Ekstern', wat deel vorm van die Onderwys Studente Komitee (OSK). Dié program skep 'n platvorm vir studente om aktiewe agente van sosiale verandering te wees.

Ons is almal bewus van die krisis waarmee ons tans sit. Die Corona Virus pandemie het egter verskeie uitdagings na vore gebring; een van dit is dat ons skoliere nou waardevolle onderrig- en leertyd verloor, as gevolg van die Nasionale Staat van Inperking.

As opvoedkunde Studente wat deel uitmaak van die BE-Program het ons besef dat die speelveld baie ongelyk is. Almal het nie die nodige leermateriaal of selfs internet om hul akademiese jaar suksesvol te voltooi nie. Dus het ons dit goed gedink om hierdie bronne saam te stel. Die aktiwiteite sluit die leerareas, Wiskunde, Afrikaans en Engels in.

Ons versoek dat u as ouer(s) of voog(de), ons leerders moet ondersteun deur hierdie tydperk om akademies stimulerend te bly. Deel ook gerus die aktiwiteite met ander, sodat dit maksimaal versprei kan word. Saam kan ons hierdie oorwin!

Wees veilig.

Marcel Adams

*OSK/ESC (Sosiale impak-eksterne portefeuljebestuurder.)*
*Beyond Education-programkoördineerder.*



# INHOUD

GRAAD R ........ 4
Aktiwiteit 1 ........ 4
Aktiwiteit 2 ........ 6
Aktiwiteit 3 ........ 7
Aktiwiteit 4 ........ 8
Aktiwiteit 5 ........ 9
GRAAD 1 ........ 10
Aktiwiteit 1 ........ 10
Aktiwiteit 2 ........ 11
Aktiwiteit 3 ........ 12
Aktiwiteit 4 ........ 13
Aktiwiteit 5 ........ 14
GRAAD 2 ........ 15
Aktiwiteit 1 ........ 15
Aktiwiteit 2 ........ 16
Aktiwiteit 3 ........ 17
Aktiwiteit 4 ........ 18
Aktiwiteit 5 ........ 19
GRAAD 3 ........ 20
Aktiwiteit 1 ........ 20
Aktiwiteit 2 ........ 23
Aktiwiteit 3 ........ 25
Aktiwiteit 4 ........ 28
Aktiwiteit 5 ........ 31
GRAAD 4 ........ 32
Aktiwiteit 1 ........ 32
........ 32
Aktiwiteit 2 ........ 34
Aktiwiteit 3 ........ 37
Aktiwiteit 4 ........ 39
Aktiwiteit 5 ........ 41
GRAAD 5 ........ 43

Aktiwiteit 1 ........ 43
Aktiwiteit 2 ........ 46
Aktiwiteit 3 ........ 48
Aktiwiteit 4 ........ 50
Aktiwiteit 5 ........ 52
GRAAD 6 ........ 53
Aktiwiteit 1 ........ 53
Aktiwiteit 2 ........ 54
Aktiwiteit 3 ........ 55
Aktiwiteit 4 ........ 56
Aktiwiteit 5 ........ 57
GRAAD 7 ........ 58
Aktiwiteit 1 ........ 58
Aktiwiteit 2 ........ 63
Aktiwiteit 3 ........ 66
Aktiwiteit 4 ........ 70
Aktiwiteit 5 ........ 73
GRAAD 8 ........ 75
Aktiwiteit 1 ........ 75
Aktiwiteit 2 ........ 76
Aktiwiteit 3 ........ 78
Aktiwiteit 4 ........ 79
Aktiwiteit 5 ........ 80
1. Gee die trappe van vergelyking van die volgende woorde: ........ 80
GRAAD 9 ........ 81
Aktiwiteit 1 ........ 81
Aktiwiteit 2 ........ 84
Aktiwiteit 3 ........ 86
Aktiwiteit 4 ........ 87
Aktiwiteit 5 ........ 88

# GRAAD R

## Aktiwiteit 1

**Kinders is mal oor klei speel. Kom ons maak klei en leer deur te speel met die klei!**

Hier is die resep:

Bestandele:

- Een koppie meel - 1 koppie (250ml)
- Twee teelepels kremetart - 2 tsp (1 tsp = 5ml , 2tsp = 10ml)
- 'n Halwe koppie sout - ½ koppie (125ml)
- Een eet lepel kook olie - 1 tbsp (15ml)
- Een koppie water - 1 koppie (250ml)
- Kleursel druppels - 3 tot 4 druppels

Metode:

1. Meng die kleursel met die water.
2. Gooi die gekleurde water in 'n groot pot op die stoof, en gooi die olie by.
3. Gooi al die oorblywende, droë bestanddele in die pot.
4. Meng alles in die pot deeglik.
5. Kook die mengsel oor matige (medium) hitte, totdat dit 'n droë deeg begin vorm.
6. Sodra dit 'n bal vorm, haal dit van die hitte af en laat dit afkoel.
7. As dit klaar afgekoel het, knie die deeg vir 5 min.

**Speletjies om te speel met die klei**

1. Laat u kind die letters van die alfabet vorm met die klei.

   - Hier is 'n voorbeeld van hoe u kind dit moet doen:





- Hier is ‘n alfabet sodat u kind kan sien watter letters hulle als kan vorm:

a b c d e f g h I j k l m n o p q r s t u v w x y z

2. Laat u kind die letters skryf op die klei.

  - Hier is ‘n voorbeeld van hoe om dit te doen



# Aktiwiteit 2

**Genoeg van klei, kom ons speel met sand! Wat moet julle voorberei?**

Doen die volgende:

- Vat 'n groot plat reghoekige bak of 'n plat reghoekige boks en gooi dit vol sand of grond.
- Vat stukkies papier en skryf elke letter van die alfabet op 'n stukkie papier.

Speletjies om te speel met die sand

- Laat u kind die letters van die alfabet oefen.
- Laat u kind die letter in die sand trek met hul vinger.
- Gee vir hulle die papier met die letter op en hulle moet daardie letter oefen deur dit te skryf in die sand.

- Hier is 'n voorbeeld van hoe u kind dit moet doen:



# Aktiwiteit 3

**Verftyd!**

1. Skryf op 'n stuk papier vir u kind die volgende woorde:

son, hond, blom, fiets, olifant, blou, appel, huis



[Belangrik om te onthou! As u vir u kind 'n woord gee om te skryf, sê vir hulle watter woord dit is wat hulle skryf, sodat hulle die woord leer en sien hoe die woord lyk en klink]

2. Skryf die letters van die alfabet.

3. Skryf u kind se naam.

- Laat u kind die woorde, letters of hul naam oor gaan met verf en 'n oorstokkie.
- Hier is 'n voorbeeld van hoe om dit te doen:



# Aktiwiteit 4

**Kom ons oefen bietjie die vingerspiere! Wat gaan julle nodig kry?**

1. 'n Groot stuk stewige papier of karton.

- Skryf reg rondom die stuk karton die alfabet in hoofletters.

2. Wasgoedpennetjies

- Skryf op die wasgoedpennetjies die alfabet in klein letters.
- Hier is hoe dit moet lyk:



Laat u kind die kleinletters van die alfabet pas by die hoofletters wat geskryf is op die karton. U kind moet dan die regte pennetjies by die regte hoofletter vasknyp.

# Aktiwiteit 5

**Genoeg van stil sit, kom ons hardloop rond en soek!**

- Vir die volgende aktiwiteit kan jy weer die stukkies papier met die letters op gebruik.
- Gee vir u kind 'n stukkie papier met 'n letter op. U kind moet dan rond gaan in die huis en iets soek wat met die letter begin.

[Belangrik! Soek eers self iets in die huis wat met die letter begin. Hou dit maklik en eenvoudig vir u kind. Gee vir hulle 'n wenk in watter vertrek van die huis dit is en wanneer hulle koud (ver weg) of warm (naby) is.]

# Ekstra aktiwiteite

1. Maak 'n reënboog met geskeurde kleur papier wat jy plak in 'n boog.




2. Teken die skaduwees van jou speelgoed en kleur dit in.





# GRAAD 1


## Aktiwiteit 1

Laat u kind die volgende gesiggies teken. Terwyl hulle dit teken vra hulle watter vorms hulle gebruik of sien. Vra hul om neer te skryf wat die gesiggie doen (na watter kant die oë kyk; of die gesiggie wenkbroue het; watter vorm die neus is bv. ‘n driehoek, ‘n reghoek of ‘n reguit lyn; laastens vra hoe die mond lyk)









# Aktiwiteit 2

Skryf nommer 1 tot 6 op klein papiertjies en gooi al 6 in ‘n bakkie. Laat u kind ‘n papiertjie uit die bakkie trek. Hulle moet daardie nommer se woorde lees. Om die aktiwiteit moeiliker te maak kan die kind dit oorskryf terwyl hulle die woorde lees.

1. Kat, bad, kar, bal
2. Pappa hou daarvan om sy kar te was.
3. Die hond hardloop agter die bal aan.
4. Hoed, hond, fiets, pen
5. Die kat slaap in die son.
6. Mamma lees die boek vir my.

## Aktiwiteit 3

Bou die voorwerpe en skryf neer watter vorm die voorwerp aanneem. (Die stappe wat gevolg moet word om die vorms te kry en wat elke voorwerp is, is in die memorandum)

















# Aktiwiteit 4

Laat die kind die volgende sinne neerskryf en vra hul om aan die einde van die sin leestekens the plaas. (. ! ?)

- Is die kar rooi
- Die hond speel lekker
- Eina
- Die is my nuwe boek
- Mamma, waar is my pop
- Is die boeta s'n
- Die hond speel met die bal
- My voet is seer

## Aktiwiteit 5

Die kind moet die volgende woorde in een van die twee kolomme plaas naamlik een (enkelvoud) en meer as een (meervoud).

- Kat
- Honde
- Kar
- Balle
- Penne
- Glas
- Kussings
- Pop
- Koppies
- Kombers
- Bottels
- Bak

# GRAAD 2

## Aktiwiteit 1

**Begripstoets**

Ek verjaar!

Koos word agt jaar oud. Hy wil graag 'n seerower partytjie hê. Hy gaan 10 maats nooi.

Sy ma sê hulle kan Saterdag winkel toe gaan om goed vir die partytjie te koop.

Toe hulle by die winkel kom, laai Koos die volgende in die trollie: 10 wit ballonne met 'n seerower op, 10 swaarde, 10 seerowerhoede en 10 seerowerbaarde. Sy ma bestel ook 'n groot seerowerskip koek.

Koos kan nie meer wag vir die partytjie nie.

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Hoe oud word Koos?
2. Watter partytjie wil Koos hê?
3. Hoeveel maats gaan Koos nooi?
4. Wanneer gaan Koos en sy ma winkel toe?
5. Wat laai Koos alles in die trollie?

# Aktiwiteit 2

## Begripslees aktiwiteit

Lees die woorde in die blokkie en vul in die spasies.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| soek | siek | reus | fout | koud |
| muis | huis | duif | boek | koek |

1. Ek lees my_________.
2. Die____________ is baie groot.
3. Dit reën en is baie____________ buite.
4. Ek___________ my tas.
5. Die___________ eet kaas.
6. Die____________ vlieg hoog in die lug.
7. Die kind maak 'n___________in sy boek.
8. Ek bly in 'n groot____________.
9. Mamma bak 'n_____________.
10. Die seun nies en is____________.

## Aktiwiteit 3

**Klanke**

# eu

**Voorbeelde:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| deur | geut | neus | neut | geur | seun |

Oefening 1:

Maak jou eie sinne met die volgende eu-klank woorde:

1. neus

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

2. reus

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

3. geur

   ..........................................................................................................

   ..........................................................................................................

## Aktiwiteit 4

**Begripstoets**

**Spinnekop**

'n Spinnekop is siesa. Hy het 8 lang bene en meer as 2 oë.

Hulle eet goggas soos 'n vlieg, miere en motte.

Pasop vir 'n spinnekop. As hy jou byt is jy dalk net jou lewe kwyt.

**Beantwoord die volgende vrae**

1. Hoeveel bene het 'n spinnekop?

   ……………………………………………………………………………………………
   ……………………………………………………………………………………………

2. Wat eet 'n spinnekop alles?

   ……………………………………………………………………………………………
   ……………………………………………………………………………………………

3. Dink jy 'n spinnekop is gevaarlik? Hoekom?

   ……………………………………………………………………………………………
   ……………………………………………………………………………………………

4. Hou jy van 'n spinnekop? Gee 'n rede vir jou antwoord.

   ……………………………………………………………………………………………
   ……………………………………………………………………………………………

## Aktiwiteit 5

### Leestekens

Oefening 1

Pas die volgende leestekens by die woorde wat volg:

- !
- ?
- .
- ,

Woorde

1. Punt ……………………………………
2. Vraagteken ……………………………………
3. Komma ……………………………………
4. Uitroepteken ……………………………………

Oefening 2

Help vir Sarel die seerower om die regte leestekens by die sinne in te vul. Help hom deur 'n komma ( , ), punt ( . ), uitroepteken ( ! ), vraagteken ( ? ) te gebruik.

1. Wanneer gaan ons met vakansie___
2. Eina___ Die by het my gesteek___
3. Ek eet 'n appel___
4. Kan ek asseblief water kry___
5. Die son skyn warm buite___
6. Stop___
7. Waar is my skoene___
8. Gaan weg___

# GRAAD 3

## Aktiwiteit 1

**Begripstoets:** Dierefabel

Lees die dierefabel deur en beantwoord die vrae op die volgende bladsy.

### Die wolf en die ooievaar

1 Soos altyd eet Wolf weer te gulsig. Só vinnig sluk hy sy kos af dat 'n been in sy keel vassteek. 2 Hy hoes en proes en hy krap met sy pote, maar die beentjie sit. Hy draai in die rondte, spring 3 op en af en sluk 'n bietjie water. Maar wat hy ook al doen, die beentjie wil nie roer nie. 4 Moedeloos val Wolf al op die grond neer. Met die beentjie in sy keel kan hy nie eers 5 om hulp roep nie. Wolf is raadop. "Wat kan ek doen?" wonder hy.



6 Net toe stap Ooievaar daar verby. Hy sien hoe benoud Wolf is. "Kan ek 7 jou dalk help?" bied Ooievaar vriendelik aan. "Maak jou mond weid 8 oop sodat ek kan sien wat vout is."

9 Wolf rek sy mond wyd oop sodat Ooievaar goed kan sien waar die 10 beentjie vassteek. Toe steek Ooievaar sy lang snawel in Wolf se keel 11 af en trek die beentjie uit.

12 "Wat gaan my beloning wees?" vra Ooievaar. "As ek jou nie gehelp het nie, sou jy beslis 13 gesterf het." Dadelik is Wolf kwaad. "Waarvan praat jy?" vra hy boos. "Gee pat voordat ek 14 jou opvreet! Jy behoort dankbaar te wees dat ek jou toegalaat het om jou lang nek weer uit 15 my keel uit te trek," sê Wolf.

**Beantwoord die volgende vrae**

1. Dink jy Wolf eet altyd gulsig? Hoekom sê jy so?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

_________________________________________________________________ (2)

2. Wat gebeur met Wolf in die eerste paragraaf dat hy nie iemand kan roep om hom te help nie?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

_________________________________________________________________ (2)

3. Wie red vir Wolf?

_________________________________________________________________ (1)

4. Verduidelik in jou eie woorde hoe die karakter wat jy in Vraag 3 genoem het die Wolf gered het.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

_________________________________________________________________ (3)

5. Haal 'n woord uit Reël 6 wat vir jou wys Wolf het nie lekker gevoel nie.

_________________________________________________________________ (1)

6. Het die Wolf reg opgetree deur nie dankie te sê of vir die ander karakter 'n beloning te gee dat hy vir Wolf gered het nie? Sê ja of nee en gee 'n kort sin om te verduidelik hoekom jy so sê.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

_________________________________________________________________ (2)

7. Wat is die les wat jy hieruit kan leer? (Wenk: dit gaan oor dankbaarheid)

_______________________________________________________________________ (2)

8. In die fabel is daar 'n paar spelfoute. Kan jy die spelfoute in die reëls hieronder kry en dit regmaak?

Reël 7: _____________________________________________________ (1)

Reël 8: _____________________________________________________ (1)

Reël 13: _____________________________________________________ (1)

9. Antonieme is woorde wat die teenoorgestelde betekenis het, byvoorbeeld sag en hard. Gee die antonieme van die volgende woorde:

- dankbaar _____________________________________ (1)
- gelukkig _____________________________________(1)

10. As Wolf vir die ander karakter sou dankie sê, hoe sou hy dit sê. Maak gebruik van die volgende woorde in jou sin of sinne: dankie, help, waardeer

_____________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________ (2)

**TOTAAL: 20**

# Aktiwiteit 2

**Leesaktiwiteit:** Plakkaat en gedig




**Afdeling 1:** Plakkaat

1. Deur net na die prentjie te kyk, wat wys die plakkaat moet ons doen? (1)
2. Volgens die plakkaat, hoe lank moet jy elke keer jou hande ordentlik was?(1)
3. Hoe kan jy die tyd meet? Wat moet jy doen terwyl jy jou hande was? (1)
4. 'n Sinoniem is woorde wat dieselfde betekenis het, byvoorbeeld "bly" en "opgewonde". Gee nou die sinoniem vir "**neurie**". (1)
5. Waar op die internet kan jy meer oor die Coronavirus uitvind? (1)
6. Waar of Vals: "Om jou hande net met water te was sal jou hande skoon genoeg maak."

Verduidelik waarom jy waar of vals sê. (2)

**Afdeling 2:** Gedig




2.1 Watter twee woorde in die eerste en tweede versreël rym met mekaar? (2)

2.2 Watter twee woorde in die derde en vierde versreëls rym met mekaar? (2)

2.3 Skryf die name neer van die drie diere in die gedig. (3)

2.4 In die eerste reël staan daar "Krokodil kielie sy kitaar". Verduidelik in jou eie woorde wat Krokodil doen. (1)

2.5 Die woorde "klank" eindig op 'n -nk. Dink aan nog twee woorde wat so eindig en skryf dit neer. ________________________ ______________________ (2)

2.6 Deel die volgende paar woorde in lettergrepe op, bv. kielie – kie*lie

- kitaar __________________________________
- eerder ________________________________
- blokfluit ______________________________ (3)

**TOTAAL: 20**

# Aktiwiteit 3

**Taalaktiwiteit:** Spelling

## Lettergrepe

Woorde word in lettergrepe opgedeel om mense te help met die speling daarvan.

**Voorbeelde:**

potlood → pot*lood

aartappel → aar*tap*pel

Deel nou die volgende woorde in hulle lettergrepe op:

- krokodil ______________________________
- bobbejaan ______________________________
- blouwildebees ______________________________
- volstruis ____________________________
- tarentaal ______________________________

## Meervoude

| - | Enkelvoud | Meervoud |
|---|---|---|
| +e | papier, huis, bank, spoor | papiere, huise, banke, spore |
| +s | lepel, man | lepels, mans |
| +te | lig, bees | ligte, beeste |
| +de | hemp | hemde |

| | | |
|---|---|---|
| By kort woordjies word die laaste konsonant dubbel geskryf +e | kat, mat, rak, som | katte, matte, rakke, somme |

Maak gebruik van die tabel hierbo en skryf die woorde wat onderstreep is oor in meervoud vorm:

- Die perd hardloop na die stal. ______________________
- Ons bure het gister hulle boom afgekap. ______________________
- Skryf jou idee op hierdie bladsy. ______________________
- Juffrou het vandag vir ons die taak uitgedeel. ______________________
- My hemp lê op die vloer. ______________________

## Verkleining

As jy woorde verklein kan jy soms net 'n -ie aan die einde van die woorde voeg en die letter waarop die woord eindig verdubbel. Daar is wel uitsonderings. Kyk na die riglyne hieronder en dan voltooi jy die aktiwiteit.



Woorde wat eindig op 'n "d" of 'n "t", kry net 'n -jie agteraan.

Byvoorbeeld:

mat → matjie

perd → perdjie

Woorde soos haas wat 'n lang vokaal (aa) bevat, word verklien deur net -ie by te voeg en die vokaal te verkort

Byvoorbeeld:

haas → hasie

"-tjie" word gewoonlik by woorde gevoeg wat eindig met...

l n r

Byvoorbeeld:

lepel → lepeltjie

Woorde wat eindig op 'n "m" kry 'n -pie agteraan.

Byvoorbeeld:

boom → boompie

Woorde wat eindig met "g", kry 'n "-kie" by en die "g" aan die einde val weg.

Byvoorbeeld:

koning → koninkie

Soek die volgende items en skryf die verkleiningsvorm

- Boom
- Skaap
- Vark
- Poot
- Horing
- Venster
- Stert
- Kat
- Veër
- Oë

# Aktiwiteit 4

**Woordsoorte**

**Selfstandige Naamwoorde**

Enige iets waaraan jy kan vat.

Hoe weet mens watter woorde kan Selfstandige Naamwoorde wees?

1. Vra vir jouself: Kan jy daaraan vat?
2. Hierdie woorde het altyd 'n verkleining en meervoud

Voorbeeld: Ek teken 'n prentjie in my boek.

Kan jy aan die boek vat? Ja

Het die woord 'n verkleining en 'n meervoud? Ja, boekie en boeke

Daarom weet ons, dat boek 'n Selfstandige Naamwoord is.

**Aktiwiteit**: identifiseer die Selfstandige naamwoorde in die sinne deur dit te omkring met 'n kleurpotlood.

- Die feëtjie dans in die tuin.
- Simba bly in die bosveld.
- Johan hardloop oor die veld.
- Die meisie sing op die verhoog.
- Sarie het 'n beertjie by die kompetisie gewen.
- Die tannie by die biblioteek is vriendelik.

**Aktiwiteit:** Gee die volgende prentjies die gepaste Selfstandige Naamwoorde

 ______________

 ______________

 ______________

 ______________

**Byvoeglike Naamwoorde**

Die woord beskryf die Selfstandige Naamwoord (die item waaraan jy kan vat) in die sin.

Voorbeeld: Ek het 'n mooi boek gekry. *Mooi beskryf die boek*







**Aktiwiteit:** Gee 'n Byvoeglike Naamwoord wat pas in die volgende sinne. Kyk na die prentjie vir hulp.

Ons gesin het gister 'n ______________ hondjie aangeneem.



Die tou wat die kar sleep is ______________.






Die _______________ pampoen het die prys gewen in die Landbou kompetisie.



Die _______________ nar het by my partytjie kom grappies vertel.



Mamma pak vir my ‘n _______________ kosblik vir pouse.

# Aktiwiteit 5

## Skryfwerk

Instruksies is 'n beskrywing van iets wat iemand moet doen. Dit verduidelik vir die persoon wat om te doen stap-vir-stap. Elke stap word gewoonlik genommer of met kolpunte aangedui. Elke stap begin ook gewoonlik met 'n werkwoord, soos byvoorbeeld "sit" of "maak". 'n Voorbeeld van instruksies kan wees "Hoe om 'n kar te was" of "Hoe om 'n koek te bak".

### Hoe om 'n boompie te plant

Jou maatjie wil vir Aardedag 'n boompie plant. Hy/Sy vra vir jou of jy weet hoe om saadjies te plant en of jy hulle asseblief.kan help.

Verduidelik nou vir jou maatjie stap-vir-stap hoe om die boom se saadjies te plant.

Gebruik die volgende woorde in jou instruksies:

| | | |
|---|---|---|
| grond | saad | blompot |
| handskoene | graaf | water |
| son | groei | |

Hier is vir jou 'n paar wenke oor hoe om dit te doen:

- Verduidelik vir jou maatjie hoe om dit te doen in ses tot sewe stappe.
- Jou instruksies moet 'n opskrif hê.
- Hou die sinne kort.
- Probeer om jou sinne te begin met 'n werkwoord.
- Onthou om nogsteeds jou sinne te begin met 'n hoofletter en te eindig met 'n punt.
- Vermy spelfoute

**TOTAAL: 20**






# GRAAD 4

## Aktiwiteit 1

*Suid Afrika my hartsland*
*(deur Griet)*

Aan Afrika se Suidelike punt
sal jy die wonderlikeste skatte vind.
Dit skitter onder elke boom en in die draai
selfs die diepblou waters waarin ons baai.

Tussen die goudgeel aksias in volle blom
sy horing hoort nie in 'n drom.
Staan renoster fris en sterk
agter die miershoop maak hy sy merk.

Olifant in sy asvaal jas
is vir sommige boere 'n las.
In die more mompel meneer Meerkat
wanneer olifant Maaifoedies mielies vat.

Onder aan die Durban se sonnige kus
speel Dolfyne na hartelus.
In diepblou water swem hulle in 'n brander
niks kan hulle joligheid verander.

Lees die gedig en beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is die meervoud van die woord miershoop? (1)
2. Wat is die verkleiningsvorm van horing? (1)
3. Watter woordsoort is 'goudgeel'? (1)
4. Sê of die volgende waar of onwaar is:
   *Goudgeel en asvaal is intensiewe vorme.* (1)

5. Benoem die trappe van vergelyking vir fris? (1)

6. Wat is die enkelvoud van mielies? (1)

7. Kies watter een van die volgende die antoniem is van 'suidelike'? (1)

a) Westelike

b) Oostelike

c) Noordelike

8. Gee 'n sinoniem vir 'wonderlikste.' (1)

9. Benoem die vroulike vorm van 'meneer.' (1)

10. Watter woord in die gedig rym met 'brander?' (1)

**TOTAAL: 10**

# Aktiwiteit 2

**Die drie wense**

1 Toe Frits een aand tuis kom, so nors en suur soos altyd, kry hy sy vrou in die kombuis. Sy het 'n baie vreemde kyk op haar gesig. In haar skoot lê 'n brief. "Wat makeer?" brom hy. "Kom in en maak die deur toe, Frits. Jy sal dit nie glo nie, maar die feetjies het vir ons 'n brief geskryf. Hulle het vir ons drie wense gegee!"

2 Hy gryp die brief en lees dit sorgvuldig deur. "Ons moet die meeste hiervan maak, Magda. Ons moenie oorhaastig wees nie. Drie wense kan ons ryk maak, belangrik, beroemd! Maar ons moet vir die regte goed vra." "Ek het klaar 'n lys gemaak," sê Magda en spring gou op om die lys te gaan haal. "Kyk! 'n Paleis vir my, 'n koning se troon vir jou. Skoonheid vir my, 'n lang lewe vir jou. Goud en juwele... Wel, ek het só hard aan die lys gewerk dat ek nie tyd gekry het om kos te maak nie!"

3 "Wát?" bulder Frits, "Hoe kán jy verwag dat ek sulke belangrike besluite op 'n nugter maag moet neem? Dis darem te veel gevra! Jy is so lui! Ek wens jy kon darem vir ons iets reggemaak het vir aandete – al was dit net 'n paar worsies."

4 Skielik is daar 'n vreemde gezoem, en 'n geklap van feëvlerkies, en – plons! – 'n string worse verskyn op 'n bord op die kombuistafel. Frits staar daarna en lek sy lippe af. "Jy't 'n wens verspil!" gil Magda duskant histerie en slaan hom met 'n bruinbrood oor die kop. "Jy was nog altyd so domastrant! As 'n ding gedoen moet word, moet ek dit liewers net sélf doen! O, jy maak my so woedend! Ek...ek...ek wens daardie worse sit aan jou lelike neus vas!"

5 Skielik is daar weer 'n geluid, dié keer soos feetjies wat sing, en – woeps! – spring die string worse van die bord af op en gaan sit aan Frits se neus vas. Hy kyk na die worse en bars in trane uit. Albei probeer die rits worse van sy neus aftrek, maar tevergeefs. "Eina! Hulle is warm!" skree Frits. "Ek sal hulle afsny met 'n mes," sê Magda. "Sit neer daardie mes, vroumens! Hoe kan jy eers só iets voorstel?" En die worse bly sit net waar hulle is...

6 Op daardie oomblik klop iemand aan die deur. Frits en Magda staar mekaar hulpeloos aan. "Moenie oopmaak nie! Wil jy hê al die mense moet weet daar sit 'n string worse aan jou neus vas?" "Wat?" roep Frits uit, "Wil jy hê ek moet vir die res van my lewe wegkruip? Ag, ek het nooit besef hoe gelukkig ek vantevore was nie. Toe't ek nog 'n doodgewone neus gehad. As ons net nie so maklik rusie maak nie!"

7 "Ja, ek weet, ek is baie jammer Frits," sê Magda skaam. "Nee, nee, dit was nie jou skuld nie. Ek wens net die simpel feetjies het hulle wense vir hulself gehou en alles laat bly soos dit was." "Ek ook," sug Magda. 8 Weer is daar 'n vreemde geluid, hierdie keer soos feetjies wat lag, en – blap! – val die worse van Frits se neus af. Frits en Magda omhels mekaar en lag en dans om die tafel. En die feetjies, wat hulle heeltyd dopgehou het, hardloop weg om nog 'n brief te gaan pos...

(Aangepas uit: Storieman, deur Leon Rousseau, 1993)

**Beantwoord die volgende vrae**

Wat beteken die woord “nors”? (1)

a) Stuurs en onvriendelik
b) Skaam en teruggetrokke
c) Geïrriteerd en gespanne

2. **Wie** het die **wat** op ‘n brief geskryf? (2)

3. Gee die intensiewe vorm van die woord “lelik” (par. 6). (1)

4. Wat beteken die woord “sorgvuldig”? (1)

a) Versigtig
b) Met sorg, noukeurig en oplettend

5. Frits sê vir Magda dat sy lui is, omdat sy nog nie kos gemaak het nie (par. 3). Wat noem ‘n mens iemand wat lui is? (1)

a) ‘n Lafaard
b) ‘n Lummel
c) ‘n Luiaard

6. Wat verskyn skielik op die kombuistafel? (1)

7. Wat is die drie geluide wat Frits en Magda hoor? (noem in volgorde) (3)

8. Waar/onwaar - Frits en Magda maak die deur oop toe iemand klop. (1)

9. Wat beteken die woord “vergeefs”? (1)

a) Nutteloos en sonder uitwerking
b) Om iemand te vergewe
c) Verstaanbaar

10. Beantwoord ja of nee.

- 10. 1 Val die wors van Frits se neus af?
- 10.2 Maak Frits en Magda vrede?

# Aktiwiteit 3

Bestudeer die volgende spyskaart en beantwoord die vrae wat volg:




**<u>Beantwoord die volgende vrae</u>**

1. Watter gereg is die goedkoopste op die spyskaart? (1)

2. Watter gereg kan jy van 8:00 – 12:30 bestel? (3)

3. Watter gereg kan jy van 12:30-17:00 bestel? (4)

4. Watter gereg op die ontbytspyskaart sluit suiwel in? (1)

    a) Wors
    b) Jogurt

5. Watter gereg is die duurste op die spyskaart? (1)

6. Watter gereg het deeg/broodvorm ingesluit? (1)

7. Waar of Onwaar "Jy kry skyfies by die pizza" (1)

8. Wat word die eerste maaltyd van die dag genoem? (1)

9. Wat word die laaste maaltyd van die dag genoem? (1)

10. Sal jy by hierdie restaurant gaan eet en hoekom? (1)

# Aktiwiteit 4

**Taal**

1. Skryf die sin oor met die nodige lees en skryftekens. (2)

   het Sarie eiers melk en brood by die winkel gekoop

2. Skryf die volgende sinne oor in die korrekte tydsvorme: (3)

2.1 Skryf die volgende sin in die Verlede Tyd oor.

   Mev. Loots bak 'n koek.

2.2 Skryf die volgende sin in die Toekomende Tyd oor.

   Tiaan het vir Karen gegroet.

2.3 Skryf die volgende sin in die Teenwoordige Tyd oor.

   Die kinders het elke dag skool toe gery.

3. Vorm 'n byvoeglike naamwoord (beskrywende woord) van die woord tussen hakies. (1)

   Die hond is baie (gevaar).

4. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakkies (trappe van vergelyking) (1)

   Ambrosia is die (soet) in die klas.

5. Skryf die meervoudsvorm (baie) van die onderstreepte woord in die onderstaande sinne (2)

5.1 Daar is twee (hond) wat in die park hardloop.

5.2 Daar is baie (blom) in die tuin.

6. Wat is die trappe van vergelyking van die volgende: (2)

6.1 groot

6.2 baie

7. Benoem die voorsetsels in die onderstaande sinne. (2)

a) My ma het per ongeluk ons kos vergeet.
b) Ek verlang na my suster.

8. Onderstreep die werkwoord in die sin hier onder. (1)

Juffrou skryf op die bord.

9. Vul die korrekte voorsetsels in die oop spasies in. (1)

My suster skryf ______ 'n pen.

10. Benoem die antoniem van gelukkig. (1)

# Aktiwiteit 5

1. Antonieme is woorde wat verskil van mekaar / die teenoorgestelde betekenis van mekaar het.

Skryf diie antoniem van elkeen van die volgende woorde:

- Buite
- Klein
- Dom
- Vinnig
- Vroeg
- Gelukkig
- Vinnig
- Mooi
- Voor
- Vol 1 x 10 = 10

2. Sinonieme is woorde wat dieselfde betekenis het.

Skryf 'n sinoniem ('n ander woord) vir elkeen van die volgende woorde:

- Hardloop
- Heg
- Leemte
- Kwaad
- Lomp
- Koerant
- Gelukkig
- Gou
- Familie
- Onmiddelik 1 x 10 = 10

3. Herskryf die volgende sinne deur die geskikte lees- en skryftekens te gebruik. Onthou die hoofletters.

3.1. jan piet en johan wil graag in kaapstad gaan vakansie hou (6/2 = 3)

3.2. soek jy melk water of koeldrank om te drink (3)

3.3. waar is susan ons wil ry sodat ons betyds by ouma kan wees (5)

3.4. kom ons gaan speel by johan want hy het baie karretjies (4)

3.5. ons is baie soet (1)

3.6. Ben Johan en Juan woon in Pietersburg Hul speel graag rugby maar Johan is nie vandag daar nie Hy het aan 'n swemkompetisie in Johannesburg gaan deelneem Hy het 'n eerste plek behaal in die 200m vryslag 'n tweede plek in borsslag en 'n eerste plek in rugslag (7)

3.7. Waarheen gaan julle vra Johan Ons is oppad na oupa Hendrik toe Hy verjaar vandag en tannie Susan wil graag by hom gaan kuier (8)

4. **Homofone** is woorde wat dieselfde klink, maar verskillend gespel word en verskillende betekenisse het.

   **Byvoorbeeld:** Ons leer vir die toets.
   Hy klim teen die leer op om by die appels uit te kom.

   **Homonieme** is woorde wat dieselfde klink **en** dieselfde gespel word, maar wat verskillende betekenisse het.

   **Byvoorbeeld:** Ons pos 'n brief by die poskantoor.
   Die man aanvaar 'n pos by die skool as onderwyser.

Skryf TWEE sinne om die verskille in betekenis van die volgende woorde en hul homoniem uit te beeld.

a. leer
b. as
c. bas
d. arm
e. lek

5. Skryf die afkorting van die volgende woorde.

a. Maandag
b. Dinsdag
c. Woensdag
d. Donderdag
e. Vrydag
f. Saterdag
g. Sondag

# GRAAD 5

## Aktiwiteit 1



**Leesbegrip**

**Vraag 1**

Lees die onderstaande leesstuk noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

''O, wat 'n man is hy, hierdie Willie Wonka!'', roep Oupa Joe uit. Daar is so baie verskillende soorte sjokolade om van te kies. Dit is baie moeilik om 'n keuse te maak. Het jy geweet dat hy byvoorbeeld al meer as tweehonderd nuwe soorte sjokoladestafies ontwerp het? Sy sjokoladestafies het elk die soetste, romerigste en lekkerste binnekant, wat geen ander fabriek nog kon maak! Die nuutste een is die sneeuwit sjokolade. Willie Wonka se sjokolade is baie goedkoop. Ons kan hulle aanhoudend koop. "Sowaar!'' roep Ouma Josephine uit. Hy stuur dit na al die uithoeke van die wêreld! Is dit nie so nie, Oupa Joe?" "Dit is so, my liefling, dit is. Al die konings en presidente van die wêreld eet ook sy sjokolade. Hy maak nie net sjokoladestafies nie. O, grote griet, nee! Mnr. Willie Wonka het al met fantastiese uitvindsels na vore gekom. Het jy geweet dat hy nou net 'n idee uitgevind het hoe om sjokoladeroomys te maak? Dit kan nogal vir ure koud bly sonder om dit in die yskas te sit. Dit sal nie eers loperig raak as dit die heeltyd op 'n warm oggend in die son lê nie." "Dit is onmoontlik!", sê klein Charlie, wat sy oupa aanstaar. "Natuurlik, dit ís moontlik!", roep Oupa Joe hard uit.
"Dit is totaal ongehoord! Willie Wonka is die enigste persoon wat dit reggekry het!" "Reg genoeg!" Die ander knik hulle koppe instemmend. "Mnr. Willie Wonka het dit gedoen!"

[Uittreksel uit 'n DBO vraestel] [Oorspronklik uit 'n boek deur Roald Dahl]

1. Kies 'n gepaste titel vir die storie: (1)
    a. Ouma se gunsteling sjokolade
    b. Charlie is lief vir sjokolade
    c. Willie Wonka se sjokolade
    d. Sjokolade-uitvindsels

2. Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde.

   Waaroor handel die bostaande storie? Beantwoord in volsinne. (1)

3. In die frase: "O, wat 'n man is **hy**", verwys die woord "**hy**" na… (1)

4. Gee een woord uit die teks vir elk van die onderstaande beskrywings: (3)
   a. baie bekostigbaar
   b. Om iets te ontdek (meervoudsvorm)
   c. nie koud wees nie

5. Kies 'n word uit die leesstuk om die onderstaande vraag te beantwoord.

Willie Wonka het (driehonderd/eenhonderd/tweehonderd) nuwe sjokolades ontwerp. (1)

6. Watter reël dui aan dat Willie Wonka se sjokolade wêreldberoemd is? (1)
   a. "Hy stuur dit na al die uithoeke van die wêreld!"
   b. "Mnr. Willie Wonka het al met fantastiese uitvindsels na vore gekom."
   c. "dat hy byvoorbeeld al meer as tweehonderd nuwe soorte sjokolade stafies ontwerp het?''
   d. "dat hy nou 'n idee uitgevind het hoe om sjokoladeroomys te maak?"

7. Sê of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Motiveer jou antwoord in volsinne.

   'n Fabriek is 'n plek waar diere aangehou word. (2)

8. Wat is Willie Wonka se nuutse sjokolade uitvindsel? Beantwoord in slegs twee woorde. (1)

9. Beantwoord die volgende vraag in jou eie woorde: Verduidelik jou antwoord in volsinne.

   Watter idee het Willie omtrent roomys gehad? (1)

10. Kies 'n woord uit die onderstaande blok om die sin te voltooi. (1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| ongelukkige | slim | lawwe | snaakse |

Willie Wonka is 'n baie_________________ man.

11. Waarom dink jy dat Charlie so verbaas is omtrent Willie Wonka se sjokoladeroomys?

Verduidelik jou antwoord in volsinne. (2)

**[15]**

# Aktiwiteit 2

**Taalstrukture en konvensies**

**Vraag 2**

2.1 Woorde met f/v en ei/y. Vul eerder f/v of ei/y in die vetgedrukte letters(a-v) hieronder (bv. **F**anie). (11)

---

**(a)**rankie en **(b)**ranlie is boesem **(c)**riende. Hulle geniet dit om saam te speel b**(d)** die park, **(e)**is te **(f)**ang, ghol**(g)** te speel en **(h)**iets te ry. **(i)**rankie se gunsteling stokperdjies is om **(j)**lieërs te **(k)**lieg op winderige dae en sokker te speel saam s**(l)** pappa. Terw**(m)**l. **(n)**ranlie daar**(o)**an hou om koekies te bak saam b**(p)**de haar ouers of tr**(q)**n te r**(r)** na haar ouma toe. Hulle alb**(s)** hou daarvan om saam McDonald's sky**(t)**ies met tamatiesous te eet as hulle **(u)**an die skool **(v)**erdaag.

---

2.2 Skryf neer die basiswoord(e)/stam van die volgende woorde neer.

2.2.1 omgedraai

2.2.2 ongelukkig (2)

2.3 Skryf 'n samestelling uit die lysie neer: **kamers, boeksak, springtoue** (1)

2.4 Skryf 'n afleiding uit die lysie neer: **warmer, winde, vistenk** (1)

**[15]**

**Vraag 3**

3.1 Skryf sinonieme vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne neer.

Nommer jou antwoorde soos hieronder.

"Jeremy, hou op **(3.1.1) lawaaierig** wees!", skree Juffrou Bester.

Die venster is **(3.1.2) beskadig** nadat die kinders 'n klip daarteen gegooi het.

(2)

3.2 Skryf antonieme vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sin neer.

Nommer jou antwoorde soos hieronder.

Iemand wat heeldag net oor homself en sy besittings **(3.2.1) praat** is baie **(3.2.2) hoogmoedig.** (2)

3.3 Skryf afkortings vir die vetgedrukte woorde in die onderstaande sinne neer.

Nommer jou antwoorde soos hieronder.

Die **(3.3.1) redakteur** het 'n puik werk gedoen met haar nuwe fliek. (3)
Jy moet **(3.3.2) asseblief** op 'n nuwe **(3.3.3) bladsy** begin.

**[7]**

# Aktiwiteit 3

**Taalstrukture en konvensies vervolg**

**Vraag 4**

Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg.

> Dit is belangrik dat ons gedurende verkiesings moet stem. Almal kan egter nie stem nie. Jy moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees met 'n staafkode-identiteitsdokument voordat jy kan stem. Jy kan op die ouderdom van 16 jaar registreer om 'n kieser te word. Jy kan slegs stem as jy 18 jaar oud is. Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika het in 1994 plaasgevind. Suid-Afrikaners wat oorsee woon word toegelaat om spesiaal te stem. Baie siek of **4.6 (oud)** mense kry 'n dag voor die verkiesing **4.7 (spesiaal)** toestemming om te stem.

Identifiseer die volgende:

4.1 Onbepaalde lidwoord
4.2 Bepaalde lidwoord (1)
4.3 Skryf 'n onpersoonlike voornaamwoord neer. (1)
4.4 Skryf twee persoonlike voornaamwoorde neer. (2)
4.5 Skryf 'n eienaam neer. (1)
4.6 Skryf die korrekte vorm van byvoeglike naamwoord neer. (1)
4.7 Skryf die korrekte vorm van byvoeglike naamwoord neer. (1)
4.8 Voeg die onderstaande sinne bymekaar deur die voegwoord in hakkies te gebruik. Onthou leestekens.
Jy kan op 16 jarige ouderdom registreer om te kies. Jy kan slegs op 18 jarige ouderdom stem. (maar) (2)
4.9 Skryf die onderstaande sin in die verlede tyd neer.
Dit is vir ons belangrik om te stem. (1)
4.10 Lees die onderstaande sin en skryf in die ontkenningsvorm.
Jy mag stem as jy 16 jaar oud is. (1)

**[10]**

**Vraag 5**

Lees die onderstaande sinne deur en voeg die nodige leestekens en skryftekens in waar nodig.

5.1 Die skool verdaag om twee uur (2)

5.2 sannie dra 'n bril omdat haar oe swak is. (2)

5.3 Ons het piesangs pere druiwe en appels gekoop by die snoepie. (1)

5.4 Die seuns se mas skreeu langs die veld terwyl hulle sokker speel. (1)

5.5 "Sien jy uit na die eksamen", vra sipho. (2)

5.6 Die graad 5s gaan op 'n uitstappie na durban. (2)

**[10]**

# Aktiwiteit 4

**Tydsvorme (Verlede tyd en Teenwoordige tyd)**



1. Skryf die volgende sinne in die verlede tyd.

a. Die bobbejaantjie klouter teen die paaltjie uit.

b. Hy maak die deurtjie van sy hokkie oop.

c. Hy hou 'n piesankie in sy linkervoorpootjie vas.

d. In 'n japtrap is dit opgevreet.



2. Skryf die volgende sinne in die <u>teenwoordige tyd.</u>

a. Die olifant het van die muis weggehardloop.

b. Die grond het gedreun terwyl sy gehardloop het.

c. Sy het hard getrompetter met haar slurp.

d. Sy was baie bang vir die muis.

**Woordvorming (Samestelling en afleiding)**

Teken die tabel hieronder oor en voeg die woorde in die blok by die regte kolom.

| |
|---|
| verslaap, hondehok, lewende, verdroog, vrugteboom, tafeldoek, ongelukkig, huilerig, ossewa, hoenderpoot |

| Samestelling | Afleiding |
|---|---|
| | |

**Skryf die basiswoord(e)/stam van die onderstaande woorde neer.**

a. lewende

b. ossewa

c. huilerig

d. vrugteboom

**<u>Ontkenning</u>**

Skryf die onderstaande sinne in die ontkenningsvorm

a. Jy moet nou huis toe gaan.
b. Ek en my boetie gaan nou winkel toe.
c. Ken jy iemand wat mooi kan sing
d. Ek het altyd diere in die huis.
e. Ek plant mooi blommetjies gedurende die inperking.

# Aktiwiteit 5

**Enkelvoudige en Veelvoudige sinne**

**1. Verdeel die volgende sinne in hul drie dele (onderwerp, gesegde en voorwerp)**

a. Die onderwyser skryf op die swartbord.
b. Die polisiebeamptes vang die diewe.
c. Die hond sit op die huis se dak.

**2. Gebruik die gepaste voegwoord in die blok om die sinne te verbind. Onthou leestekens.**

| en | maar | want |
|---|---|---|

a. Ek gaan skool toe __________ my broer gaan universiteit toe.
b. Ek _____ my ma gaan môre inkopies doen.
c. Ek is by die huis ______ die skole is gesluit.

**Antonieme en Sinonieme**

**Skryf antonieme vir die volgende woorde neer.**

a. gesiende b. reguit c. yskoud d. vrygewig e. verkeerd

**Skryf sinonieme vir die volgende woorde neer.**

a. skryftafel b. woedend c. kontinent d. eindeloos e. uitgeput

# GRAAD 6

## Aktiwiteit 1

### Sinonieme en Antonieme

**1. Gee die regte sinonieme van die volgende woorde:**

a. Geografie

b. Outeur

c. Aankom

d. Afguns

e. Woedend

f. Verward

**2. Gee die korrekte antonieme vir die volgende woorde:**

a. Horisontaal

b. Bloedjonk

c. Tydelik

d. Opsioneel

e. Anderkant

f. Hoop

# Aktiwiteit 2

## Leestekens

Bestudeer die volgende foutiewe sinne en herskryf dit met die korrekte leestekens.

Sin 1
ek en my vriendin, irma, gaan roomys eet

Sin 2
is dit moontlik dat ek kan gaan kuier by my vriend Gerald

Sin 3
mag ek maar sit.

Sin 4
(woedend)Kom hier

Sin 5
Ek het geleer maar ek het niks onthou nie.

# Aktiwiteit 3

## Intensiewe vorme

Skryf die korrekte intensiewe vorm neer.

1. Baie rooi is ________________
2. Baie groen is ________________
3. Baie vet is ______________
4. Baie maer is ________________
5. Baie koud is _________________
6. Baie leeg is _______________
7. Baie oud is ______________
8. Baie jonk is ______________
9. Baie nuut is _______________
10. Baie glad is ________________
11. Baie hard is ____________
12. Baie dun is ____________
13. Baie lig is _______________
14. Baie mak is ____________
15. Baie swart is _____________
16. Baie mooi is ________________

# Aktiwiteit 4

**Soortsinne**

Beskryf al die soorte soortsinne en gee twee geskikte voorbeelde vir elke sinsoort.

- Bevelsin

- Vraagsin

- Uitroepsin

- Stelsin

# Aktiwiteit 5

## Trappe van vergelyking

- Stellende trap
- Vergrotende trap
- Oortreffende trap

1. Gee die vegrotende trap van "aaklig".
2. Gee die stellende trap van "bangste".
3. Gee die oortreffende trap "blou".
4. Gee die vegrotende en oortreffende trap van "goed".
5. Gee die die vegrotende en stellende trap van "hoogste"
6. Gee die vegrotende en oortreffende trap van "opgewonde"

# GRAAD 7

## Aktiwiteit 1

### Leesbegrip

**Scott se laaste reis.**

1. Dit was 50 grade onder vriespunt. Die wind het gehuil en 'n groep van vyf moeë manne het hul weg deur die dik sneeu gebaan. Hulle wou die eerste wees om die Suidpool te bereik.

2. Aan die hoof van hierdie groep het Robert Scott gestaan. Baie weke vantevore het hulle skip 'n landing aan die kus van Antartika uitgevoer. 'n Basis is ingerig en sommige lede van sy groep het daar agtergebly.

3. Scott en sy geselskap het die negehonderd-myl-staptog na die Pool aangepak. Die duisend-pond-slee is deur ponies getrek. Dit was gelaai met voedsel, klere en tente. Die bittere koue was na 'n paar dae te veel vir die arme diere. Hulle het siek geword en moes geskiet word. Al die toerusting op die slee was noodsaaklik en moes saamgaan. Die manne moes dit toe te voet trek.

4. Dag vir dag het die manne moeër geword. Dit was altyd ysig koud en tog was dit somer in Antartika.

5. Op 'n dag het hulle op vars spore in die sneeu afgekom. Dit was die spore van mense, honde en 'n slee. Kon dit gewees het dat mense van 'n ander land voor hulle was? Hulle sou binnekort uitvind.

6. Twee dae later, op 18 Januarie 1912, het Scott en sy geselskap die Suidpool bereik. Daar het hulle afgekom op 'n klein tent met 'n enkele bamboesriet waaraan die Noorweegse vlag gewapper het. Die ander groep het hulle geklop. Met swaar gemoedere het Scott en sy manne die terugtog aangepak.

7. "Nou vir die tog huiswaarts. Ek wonder of ons dit sal kan regkry?" het Scott in sy notaboek geskryf. Hy het geweet dat sy geselskap nie baie goed daar uitgesien het nie. Voor hulle het die negehonderd-myl-staptog gelê terug na hul basiskamp toe.

8. Die volgende paar dae was vreeslik. Die manne was verswak en met die slee kon hulle maar net 'n paar myl per dag aflê. Hulle hande en voete het gevries en daar was min kos oor en niks om dit mee te verhit nie.

9. Een van die manne het homself doodgeval en toe was daar net vier oor om aan te gaan.

10. Kort voor lank het nog een siek geword. Een dag het hy net op die sneeu uitgestap en nooit weer teruggekeer nie. Hy wou nie gehad het dat die ander moes agterbly om hom te versorg nie.

11. Nou was daar slegs drie manne oor om die tog aan te pak. Hulle was dapper maar het besef dat hulle nie veel langer sou kon voortgaan nie.

12. Op 21 Maart het 'n storm opgekom. Die sneeu het aanhou val en die wind het dit rond gewaai. Die storm het vier dae lank aangehou en hulle kos het opgeraak. Die manne het al hoe swakker geword. Daardie aand het Scott geskryf: "Ek dink nie ons kan nou op beter dinge hoop nie. Ons sal aanhou tot die end, maar ons raak al hoe swakker. Die einde is in sig." Slegs elf myl verder was hul kos- en brandstofvoorraad.

13. Sewe maande later het 'n soekgeselskap van die basiskamp die sneeubedekte tent ontdek. Binne-in was die liggame van die drie manne.

14. Die soekgeselskap het 'n stapel ysblokke oor die tent gepak en 'n kruis van ski's bo-op geplant. Dit sal vir altyd daar bly om mense te herinner aan Scott en sy dapper manne.

**Vraag 1**

Beantwoord die volgende vrae met WAAR of ONWAAR en gee 'n REDE.

1. Scott het nog drie reise na hierdie een na die Suidpool gedoen.
2. Dit was baie warm in die Suidpool.
3. Scott en sy span het nie gewen nie.
4. Hulle het op 18 Januarie 1921 die Suidpool bereik.
5. Die manne was goed voorberei vir hul reis na Antartika. (10)

**Vraag 2**

Veelvuldige keuse vrae. Slegs een mag gekies word tussen a,b,c of d .

1. Ons weet alles van Scott se reis af omdat…

    a. een man die tog oorleef het en alles kon oorvertel.

    b. ons sy spore in die sneeu kon volg.

    c. Scott die storie in 'n notaboek opgeteken het.

    d. die ekspediese op video vasgevang is.

2. Die storm het vier dae lank aangehou en hulle…

    a. het gaan visvang.

    b. het rugby gespeel.

    c. het dapper in die storm gestap.

    d. kos het opgeraak.

3. Scott het … saamgeneem om die slee te trek.

    a. ponies

    b. honde

    c. trekkers

    d. osse

4. Die Suidpool is in …

    a. Groenland

    b. Die Noordpool

    c. Antartika

    d. Ysland

5. Scott het geskryf:" Die einde is in sig."

Hy het bedoel dat…

a. hulle gaan sterf.

b. hulle binnekort by hul voorraad sal wees.

c. hulle kan sien dat dit die einde van die wêreld is.

d. dit begin aand word.

**Vraag 3**

Gee een woord vir die volgende sinne of terme.

1. Dieselfde betekenis as KLEIN PERDE.
2. Dieselfde betekenis as NUL GRADE CELSIUS.
3. Stukkies ys wat uit die lug val.
4. Die wenspan wat die Suidpool eerste bereik het.
5. 'n Groep van hoeveel het begin stap in die sneeu. (10)

**Vraag 4**

Beantwoord die vrae wat volg.

1. Hoe ver is die basiskamp vanaf die Suidpool?
2. Hoe het Scott en sy geselskap die res van die tog aangepak?
3. Wanneer het die storm opgekom?
4. Die teenoorgestelde van die Suidpool.
5. Wie was die hoof van die groep?
6. Wat as slegs elf myl verder van waar hulle was?
7. Hoeveel maande later het die soekgeselskap hulle gevind?
8. Sinoniem vir braaf.

9. Antoniem van warm.

10. Vind die infinitief in die volgende sin.

Dit sal vir altyd daar bly om mense te herinner aan Scott en sy dapper manne.

(10)

# Aktiwiteit 2

## Literatuur- Poësie

Bestudeer die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**Daisy de Melker**

(Philip de Vos, Mallemeuleman, Human & Rousseau, Kaapstad, 2004)

| | |
|---|---|
| Nig Diasy was 'n goeie koeie<br>wat haar nooit ooit met kwaad bemoei.<br>Tog kry sy geensins prysverering:<br>selfs 'n dankie of waardering.<br>Sy gee melk en room en kaas,<br>botter, roomys, jogurt, maas.<br>Maar later met haar oumensjare,<br>kom 'n wavrag van gevare.<br>Ná jare swoeg en wagtery,<br>. moes Diasy na die slagtery.<br>. Nig Diasy was beslis ontsteld<br>. en iemand moes daarvoor ontgeld:<br>. Sy weet van gif se groot gevare<br>. en vreet 'n spul rabarberblare.<br>. Al skop sy selwers nie die emmer, | . het sy die boer se dag belemmer.<br>. Twee druppels uit daai Daisy-speen<br>. toe's dik oom Daan vir ewig heen.<br>. Almal weet dat lewe kort is.<br>. Sy vroutjie kry toe rigor-mortis.<br>. Selfs hul kinders spring niks vry.<br>. Daar's nege lykies op 'n ry.<br>. Oplaas hoor sy die laaste skoot<br>. en met 'n smile is Daisy dood.<br>. En wie daarna haar biltong knabbel,<br>. Vind net double, toil and trouble.<br>. Vir Diasy – darie suiwelvrou,<br>. sal ons gewis nog lank onthou. |

**Vraag 1**

1. Na watter ander historiese figuur in Suid-Afrika se misdaadgeskiedenis verwys die titel van die gedig? (2)
2. Wat is die rymskema van die eerste vier versreëls? (1)
3. Wat is die rympatroon van die 5de en 6de versreëls? (1)
4. Wat noem ons die herhaling van sekere woorde in versreël 5? (1)
5. Wat is die doel/werk/funksie van die verskynsel by no.4? (2)

**Vraag 2**

1. Wat noem ons die skryfteken op 'ná' in versreël 9? (1)
2. Wat is die werk/funksie van die skryfteken by versreël 6? (1)
3. Watter woord sê vir ons dat Daisy baie hard gewerk het? Noem ook die versreëlnommer waarin die woord voorkom. (2)
4. Wat word die skryfteken in versreël 18 genoem? (1)
5. Wat noem ons dit as 'n onbeklemtoonde klinker (soos in versreël 18) wegval?(1)

**Vraag 3**

1. Wat word die leesteken in versreël 27 genoem? (1)
2. Wat noem ons dit as daar in versreël 27 '*darie*' in plaas van daardie geskryf word? (2)
3. Noem 7 suiwelprodukte wat in die gedig genoem word. (1)
4. Wat se vergoeding het Daisy vir al haar jare se getroue diens ontvang? (1)
5. Watter woord in die gedig vertel ons dat Daisy beslis nie in haar skik was met dié besluit nie? (1)

6. Watter plan het sy beraam sodat sy lank na haar dood onthou sal word? (2)

7. Hoe is Daisy om die lewe gebring? (1)

8. Hoe weet ons dat Daisy gelukkig gevrek het? (1)

9. Soek antonieme vir die volgende woorde in die gedig. Noem ook die versreël waarin dit voorkom. (2)

   - Slegte
   - Jeug

10. Soek een woord in die gedig vir die volgende omskrywings: (5)

    · stukkie vir stukkie in klein stukkies afbyt

    · styfheid van die liggaam wat na dood intree

    · rou vleis in stroke gesny, ingesout en drooggemaak is

    · plant met eetbare blaarstingels en stele

    · melk en melkprodukte, veral botter en kaas

**Vraag 4**

1. Wat beteken dit as iemand die emmer geskop het? (2)
2. Wat is die geslagsvorme van beeste? Manlik en Vroulik? (2)
3. Wat word 'n klein bees genoem? Enkelvoud en Meervoud? (2)
4. Wat noem ons dit as 'n koei aan 'n baba geboorte geskenk het? (2)
5. Waaraan word die tradisionele swartman se rykdom gemeet? (2)

# Aktiwiteit 3

## Taal struktuur

### Vraag 1

1. Noem die verkleinwoord vir (**mandjie)** (1)
2. Noem die meervoud van **(prieël)** (1)
3. Noem die manlike vorm van **(sekretaresse)** (1)
4. Noem vier funksies van die leesteken die (**komma).** (4)
5. Hoekom het "Kruidjie-roer-my-nie" koppeltekens? (2)
6. Hoekom het Suid-Afrika 'n koppelteken? (2)

### Vraag 2

Kies die korrekte woord tussen hakkies.

1. My hemp se (boortjie/boordjie) wurg my. (1)
2. Wat is 'n ander woord vir tuisteskepper? (1)

   Skryf die woord met die korrekte opsie neer:

   a. bruid

   b. huisvrou

   c. houvrou

   d. byvrou

3. Identifiseer die voegwoord in die onderstaande sin. (1)

   Terwyl hy in die kamer slaap het die diewe by die venster ingebreek.

4. Identifiseer die tussenwerpsel in die onderstaande sin. (1)

   Aitsa! Dit was oulik.

5. Wat is 'n Paroniem? (2)

6. Voltooi die volgende samestellings. (1x4)

   a. 'n Skool waarin net seuns is, is 'n …

   b. so nat soos water

   c. kop en ent is …

   d. uie en oes is…

7. Skryf die volgende sin in die ontkennende / negatiewe vorm. (2)

   Sing asseblief saam met die klas.

8. Verdeel '**gespesialiseerde'** in lettergrepe. (1)

9. Verduidelik wanneer is 'n lettergreep oop of geslote. (2)

10. Die meervoudsvorm van die woord **'kalf'**. (1)

**Vraag 3**

1. Vul in die gepaste voornaamwoorde: (1x2)

   a. Melissa is hierdie selfoon…?

   b. Die stoel… die seun sit is stukkend.

2. Verbind die sinne met die korrekte betreklike voornaamwoord: (1x2)

   a. Die hoek is skerp. Ons sit die wurm aan die hoek.(**waaraan**)

   b. Dit is die perd. Die perd se been is beseer. (**waarvan**)

3. Benoem die soorte bywoorde wat volg: (1x3)

   a. Vandag

   b. Bo-op

   c. Onverwags

4. Watter soorte hoofwerkwoorde kry 'n mens? (3)

5. Antoniem van (**algeheel**) (1)

6. Sinoniem van (**doodloopstraat**) (1)

7. Skryf neer die woord met die korrekte spelling. (1)

   a. interesant

   b. interresant

   c. interessant

   d. inressante

8. Kies die korrekte akroniem vir "KKNK" en skryf dit neer. (1)

   a. Kry Koekies Neute Koeldrank

   b. Kinder Klank Note Konsert

   c. Kaapstadse Koor Nasionale Komitee

   d. Klein Karoo Nasionale Kunstefees

9. Verander die sin na die indirekte rede: (1)

"Bring die boeke dat ek nou daarna kan kyk," het Tessa gesê.

10. Kies die korrekte sin: (1)

   a. Sarie en Marie's boeke is baie netjies.

   b. Sarie en Marie se boeke is baie netjies.

   c. Sarie's en Marie's boeke is baie netjies.

   d. Sarie en Marie's se boeke is baie netjies.

**Vraag 4**

Skryf die onderstaande sinne korrek neer:

1. waar is mnr de klerk (1)
2. die mense se die vark is n vuil dier (2)
3. kom gou gou hier (1)
4. toe die hond haar byt skree sy help help (2)
5. pas op (1)

# Aktiwiteit 4

**Vraag 1**

Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakkies.

1. Wollie is (lelik) as enige ander skaap.
2. Sy skoene verkoop die (goed) op die mark.
3. Sy slaap (laat) as die res.
4. China het die (erg) besoedeling ter wêreld.
5. Sy is die (slim) meisie in die klas. (1x5)

**Vraag 2**

Skryf die korrekte Leenwoord by die onderstaande woorde:

1. cuppucinno
2. gentleman
3. katjiepiering
4. camouflage
5. aikona
6. baljaar
7. kamaste
8. abba (1x8)

**Vraag 3**

Skryf die betekenis van die volgende idoomatiese uitdrukkings.

1. Die koeël is deur die kerk.

2. Iemand wys waar Dawid sy wortels begrawe het.

3. As die kat weg is, is die muis baas.

4. Iets vir 'n appel en 'n ei verkoop.

5. Donkerwerk is konkelwerk. (1x5)

**Vraag 4**

Voltooi die volgende intensiewe vorme:

1. Baie krom is …

2. Baie wakker is…

3. Baie gek is…

4. Baie reguit is…

5. Baie oop is… (1x5)

**Vraag 5**

Voltooi die volgende vergelykings:

1. So bang soos …

2. So skelm(slim) soos…

3. So gereeld soos…

4. So helder soos…

5. Hy pronk soos 'n… (1x5)

**Vraag 6**

Vul die gepaste antonieme in:

1. hings
2. aktrise
3. orrelis
4. wewenaar
5. Jood

# Aktiwiteit 5

**Vraag 1**

Skryf die volgende sinne in die Lydende vorm:

1. Wie sal die motor was?
2. Die voëltjies het al die kos opgeëet.
3. Pa sal die motor koop.
4. Sy moet die skottelgoed was.
5. Die kinders eet vinnig. (2x5)

**Vraag 2**

Skryf die volgende sinne in die Verlede tyd.

1. Ek roer die pap met 'n lepel.
2. Ons eet ons kos in die tuis.
3. Die kinders speel met 'n bal.
4. Die wind waai.
5. Die man is lui. (2x5)

**Vraag 3**

Skryf die volgende sinne in die bedrywende vorm.

1. Vuur word deur die aarde gespuug.
2. Natuurrampe kan deur aardbewings veroorsaak word.
3. Die motor word deur die seun gewas.
4. Tennismodes sal deur vroue geadverteer word.
5. 'n Liedjie is deur haar gesing. (2x5)

**Vraag 4**

Skryf die volgende sinne in die toekommende tyd.

1. Die seuns loop in die klas.
2. Die kinders speel met 'n bal.
3. Ek sit op my stoel.
4. Die kinders sing in die koor.
5. Die wind waai. (2x5)

# GRAAD 8

## Aktiwiteit 1

Lees die strokiesprent en antwoord die vrae wat volg.




a. Skryf die selfstandige naamwoord in Raampie 3 neer. (1)
b. Waarom is daar 'n afkappingsteken in "jy't"? (raampie 3) (1)
c. Gebruik die homofoon van "maar" (raampie 5) in 'n verklarende sin. (2)
d. Skryf 'n voorbeeld van 'n samestelling in raampie 7 neer. (1)
e. "DOEF!" in raampie 11 is 'n voorbeeld van 'n taalverskynsel. Noem die taalverskynsel. (1)
f. Skryf 'n sinoniem vir die woord "terg" (raampie 6) neer. (1)
g. Watter twee skryftekens kom voor in raampie 6? (2)
h. Wat is die versamelnaam vir 'n groot groep voëls? (1)

**(10)**

# Aktiwiteit 2

## Begrip

Lees die onderstaande teks en antwoord die vrae.

**AFDELING A: BEGRIP**

**VRAAG 1:**

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg:

19 Mei 2014

**HET JY GEHOOR?**

Taylor Swift se eks in 'n Springbok-trui – dís hoekom
deur SARIE.còm-span

**Een van Taylor Swift se eks-kêrels, Harry Styles, het die afgelope naweek in 'n Springbok-rugbytrui verskyn – op 'n Twitter-foto...**

Harry, die One Direction-sanger, en dié Britse groep se ander lede, Niall Horak, Zayn Malik, Liam Payne en Louis Tomlinson, lyk almal heel gemaklik in die groen-en-goud. Big Concerts, wat internaSionale musiekkonserte na Suid-Afrika bring, het dié foto, 19 Mei 2014, op Twitter en Facebook gedeel om die groep se Suid-Afrikaanse konserte in 2015 te bemark.

Met treffers soos "What Makes You Beautiful", "Best Song Ever" en "Live While We're Young" is One Direction al sedert 2011 'n internasionale sensasie onder tienermeisies. Maar ná hul meer onlangse treffer, "Story of My Life", is dit nie noodwendig nét tienermeisies wat dié konserte sal bywoon nie! Hulle tree 28 en 29 Maart 2015 op by die FNB-stadion in Soweto en op 1 April by die Kaapstad-stadion. Kaartjie verkope maak Vrydagoggend oop.

*"Can't wait to see you all* ... Lekker," sê Harry in 'n video waar die groep self hul besoek aankondig.



a. Wie is die teikenmark van die artikel m.a.w wie sal belangstel om die artikel te lees? (2)
b. Wat word in die stuk bemark? Skryf jou antwoord in een volsin. (2)
c. Hoe het die mense bewus geraak dat die groep kom toer in Suid-Afrika? (2)
d. Haal 'n frase aan wat bevestig dat die groep al meer as drie jaar bekend is. (1)
e. WAAR of VALS?
   "One Direction het slegs 'n mark vir tienermeisies" Motiveer jou antwoord deur 'n bewys uit die teks aan te haal. (2)
f. Noem EEN plek waar hulle vertoning te sien is. (1)

# Aktiwiteit 3

**Kom ons oefen idiome**

Pas kolom A se idioom by kolom B se verklaring…

| **A – Idioom** | **B – Verklaring** |
|---|---|
| 'n Druppel in die emmer | 1. In alles met iemand saam stem |
| Kop in een mus wees | 2. Mense wat die minste het pronk die meeste |
| Leë blikke raas die meeste | 3. Iets wat moeilik is aanpak |
| Die bul by die horings pak | 4. Voorbarig/ opdringerig |
| Voor op die wa wees | 5. Baie min |

(5)

# Aktiwiteit 4

## Woordsoorte

1. Gee die meervoudsvorme van die volgende woorde:

**storm, haan, karakter, water, slot, sloot, houer, gesang**

2. Die volgende woorde het twee moontlike meervoude, gee altwee:

**bad, klip, aandenking, vorm**

3. Noem die drie tipes trappe van vergelyking wat mens kry. (15)

# Aktiwiteit 5

1. Gee die trappe van vergelyking van die volgende woorde:

   Baie, groot, selfstandig, vet, graag, mooi, ver (7)

2. Gee die intensiewe vorme van die volgende woorde:

   geel, dood, oud, swart, rooi, sleg (6)

# GRAAD 9

## Aktiwiteit 1

Lees deur die begripstoets en antwoord die vrae wat volg.

**<u>Afskrikmiddels teen slange – die feite</u>**

(Weg!, 1 April 2020, Johan Marais)




Suid-Afrikaners gebruik 'n verskeidenheid goed as afskrikmiddels teen slange: Jeyes Fluid, Condy's Crystals (kaliumpermanganaat), ou motorolie, motbolletjies, plante soos malva en wildeknoffel, asook kommersieel beskikbare afskrikmiddels wat die chemiese middel naftaleen bevat.

Die gebruik van hierdie produkte is nie beperk tot Suid-Afrikaners nie – in lande soos die VSA en Australië word gewilde afskrikmiddels teen slange gemaak en gebruik.

Ongelukkig is daar geen middel wat slange afskrik nie, ten spyte van die stories wat mense jou vertel.

'n Klomp sogenaamde afskrikmiddels is in 'n laboratorium by die Universiteit van die Witwatersrand getoets. Navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat geen van dié middels 'n noemenswaardige uitwerking op slange het nie.

Frans Reynecke, 'n kenner aan die Universiteit van die Noordwes, het soortgelyke toetse in Limpopo gedoen. Die resultate is by 'n onlangse konferensie van die Herpetologiese Vereniging van Afrika bekend gemaak.

Navorsers het 24 loklyne in die veld opgestel en dit bedek met verskillende stowwe waarvan sommige hierbo genoem word.

Hulle het 'n metode genaamd gaschromatografie-massaspektrometrie gebruik om die doeltreffendheid van sekere reuke op slange te toets om te sien of hulle slange afskrik.

Dié ingewikkelde woord verwys eenvoudig net na die twee instrumente wat hulle gebruik om die reuke te toets.

Die eksperiment is vier keer herhaal en die resultate was duidelik – nie een van die sogenaamde afskrikmiddels het 'n noemenswaardige uitwerking op slange gehad of hulle uit 'n sekere gebied gehou nie.

Ja, jy mors jou tyd om die middels op jou werf te spuit!

Elektriese heinings maak dikwels slange dood – maar ook skilpaaie, krimpvarkies en ander klein wilde diere. Tog hou dit nié slange weg nie.

'n Ander nuttelose toestel is die "slangskerm," 'n ronde metaalstaaf wat deur sonkrag aangedryf word en waarvan die bopunt vibreer. Hierdie stuk toerusting is getoets en dit werk ook nie.

Slange soek dikwels 'n skuilplek of hulle word deur kos gelok. As jy knaagdiere, 'n voëlhok, 'n hoenderhok, swembad of fonteintjie op jou erf het, is die kanse goed dat jy een of ander tyd 'n slang sal raakloop.

As jy 'n slang teëkom, gee onmiddellik vyf treë agtertoe en hou die slang van 'n veilige afstand af dop. Bel 'n slangvanger; daar is landwyd meer as 500

geregistreerde slangvangers wat op die gratis app ASI Snakes bit.ly/snakebiteapp gelys is.

Tensy jy opgelei is om slange te vang moet jy tog nooit probeer om dit self te doen nie!

**Beantwoord die volgende vrae**

1. Noem drie items wat mense dink as afskrikmiddels gebruik kan word vir slange. (1)
2. Wat is die chemiese middel in sekere kommersiële produkte wat mense glo skrik slange af? (1)
3. By watter twee universiteite is eksperimente gedoen om te toets vir wat slange afskrik? (2)
4. Wie het die toetse in Limpopo gedoen? (Naam en van) (1)
5. Wat is die metode se naam wat die wetenskaplikes gebruik het om die doeltreffendheid van sekere reuke op slange te toets om te sien of hulle slange afskrik. Gee ook die definisie vir hierdie metode. (2)
6. Hoeveel keer is die eksperiment herhaal en wat was die gevolgtrekkig? (2)
7. Maak `n sin met die woord "noemenswaardig(e)." (1)
8. Wat is `n "slangskerm?" (1)
9. Maak twee sinne wat die twee homonieme van "deur" duidelik maak. (2)
10. Wat is `n sinoniem vir die woord "dikwels?" (1)
11. Noem vier dinge in `n mens se erf wat jou kanse kan verhoog om `n slag teë te kom. (4)
12. Skryf die verkleiningsvorm van "slang" neer. (1)
13. Hoeveel geregistreerde slangvangers is daar landswyd? (1)

**[20]**

# Aktiwiteit 2

## Afkortings en Selfstandige naamwoorde

1. Sit die blou woorde in `n afkorting om of sit die afkorting om in sy volle woord.
2. Die geel woorde is voorbeelde van selfstandige naamwoorde. Identifiseer watter tipe selfstandige naamwoord dit is.

(Let op as jy met die punte in afkortings werk.)



1. Juffrou Basson het gesê sy het baie admin. om vanmiddag te doen. (2)

a.

b.

2. Bertus het vir Anine `n anonieme brief gekryf op Valentynsdag. (2)

a.

b.

3. Ek raak soms deurmekaar as my ma ingewikkelde b.nw. gebruik. (2)

a.

b.

4. Zinzi maak haar bos hare elke dag in dieselfde haarstyl vas. (2)

a.

b.



5. Die resep vir `n wortelkoek sê ek moet eers die meel weeg deur middel van `n skaal gebruik te maak. (2)

a.

b.

6. Ek is ongelooflik opgewonde oor die eksp. wat die NW meneer vandag in klas gaan doen. (2)



a.

b.

7. Stefan het gisteraand gedroom dat hy in `n boord perskebome stap iewers in Engeland. (2)

a.

b.

8. My vriende wil môre Stellenbosch toe gaan i.p.v. Kaapstad. (2)

a.

b.

9. Die kaptein van die boot seil vlugtig oor die water. (2)



a.

b.

10. Die vrou het net `n paar meter geloop om `n liter water te gaan haal by die rivier. (2)

a.

b.

**TOTAAL: 20**

# Aktiwiteit 3

**Beantwoord die vrae wat na die leesstuk volg**




**NO TIME TO DIE**

Bond-manie is terug (1. maar) aanhangers sal (2. bittersoet) toustaan vir (3. die) gewaarborgde aksie, intriges, eksotiese bestemmings en (4. vuurwarm) of "verbode" (5. liefde). Dis die (6. 25ste) fliek (7. waarin) die Britte se bobaasspioen die mensdom moet red, en die vyfde en (8. laaste) verskyning van (9. Daniel Craig) in die titelrol. Craig hang sy (10. heldmantel) op as een van die gewildste 007's. In (11. sy) silwerskermgroet het die sexy superspioen M16 verlaat en leef idillies in Jamaika.

Kort voor lank swig hy voor 'n versoek van sy (12. ou) CIA-pel Felix Leiter (Jeffrey Wright) om 'n ontvoerde (13. wetenskaplike) te bevry. Dis 'n gevaarsending en die jongste

(14. dodelike) tegnologie en baddies moet getroef word. Phoebe Waller-Bridge, Ralph Fiennes, Naomie Harris, Léa Seydoux en Christoph Waltz herhaal rolle van vorige flieks, en Rami Malek (Bohemian Rhapsody) (15. is) 'n nuwe opperskurk wat Bond wil onttroon.

1. Watter tipe voegwoord is dit?
2. Benoem die woordsoort.
3. Benoem die woordsoort. (Wees spesifiek)
4. Skryf die woord se trappe van vergelyking.
5. Benoem die woordsoort. (Wees spesifiek)
6. Watter tipe telwoord is dit? (Wees spesifiek)
7. Benoem die woordsoort.
8. Benoem die woorsoort. (Wees spesifiek)
9. Benoem die woordsoort.
10. Gee die verkleining.
11. Benoem die woordsoort. (Wees spesifiek)
12. Benoem die woordsoort. (Wees spesifiek)
13. Verander na `n selfstandige naamwoord.
14. Gee die stam van die woord.
15. Watter tipe werkwoord is dit?

**TOTAAL: 15**

# Aktiwiteit 4

**Kies die korrekte spelling vir die woorde in die volgende sinne:**

Die gedig waarmee ons besig is in klas bevat baie (aliterasie/alliterasie). (1)

2. Ek (steen/steun) die Springbokke in die wedstryd. (1)
3. Hy (klasifiseer/klassifiseer) homself as `n atleet. (1)
4. Die skoolkonsert begin stiptelik oor `n (halfuur/half-uur). (1)
5. Richard Brandon is `n wêreldberoemde (entrepreneur/entrepeneur). (1)
6. Die seun moet (onmidellik/onmiddellik) na die hoof se kantoor toe gaan. (1)
7. My ma lyk baie (maer/maar) na haar nuwe (dieet/dieët). (2)
8. As ek genoeg gespaar het, wil ek eendag (London/Londen) toe gaan. (1)
9. My suster dien op die nuwe (komitee/kommitee) by ons sool. (1)
10. Die skare het (dadellik/dadelik) begin juig toe Stefan tussen deur die pale geskop het. (1)
11. Die All Blacks is oorspronklik van (New-Zeeland/Nieu-Seeland). (1)
12. My gunsteling (restaurant/resturant) is die Spur. (1)
13. Windhoek is die hoofstad van (Namibieë/Namibië). (1)
14. Die (papegaai/pappegaai) is al die kleure van die reënboog. (1)



**TOTAAL: 15**

# Aktiwiteit 5

**Beantwoord die vrae wat volg**

1. Skryf die sinne om in direkte/indirekte rede:

   a. Die president het gesê dat die hele land self isolering moet toepas om die virus te bekamp. (1)
   b. My ma sê: "As jy nie nou dadelik jou kamer opruim nie, kry jy nie vanaand nagereg nie. (1)
   c. Susan het gevra: "Kan jy my asseblief môre met my wiskunde help?" (1)
   d. Juffrou Basson sê dat die werk wat ons nou in klas leer baie belangrik gaan wees vir die jaar daarna. (1)

2. Skryf die sinne om in lydende/bedrywende vorm:

   a. `n Tert word deur my ma gemaak. (1)
   b. In die ou dae het mense briewe geskryf. (1)
   c. Die heerlikse pasta word deur ons oupa gemaak. (1)

3. Identifiseer watter soort sin elk van die volgende is:

   a. Stellenbosch is `n beeldskone dorp. (1)
   b. Hou op om jou sussie te terg! (1)
   c. Het julle koud gekry in Sutherland? (1)
   d. Ek het gister tennis geoefen. (1)

4. Skryf die sinoniem vir die vetgedrukte woord:

   a. Leonardo de Caprio is `n baie bekende akteur in Amerika. (1)

   b. My baba boetie wag op Kersfees vir Kersvader op sy geskenke onder die boom te kom sit. (1)

   c. Nie `n enkele persoon op aarde is perfek nie. (1)

   d. My suster maak altyd so baie geraas as sy in haar kamer sing. (1)

5. Gee die regte vorm van die woord tussen hakies:

   a. My ouers het gister (lewe + versekering) uitgeneem. (1)

   b. My tannie gebruik die (speld + kussing) om ons (kind + klere) te maak. (2)

6. Skryf die afleiding vir die woord in hakies:

   a. Dit is `n lang (vlieg) om in Bloemfontein te kom. (1)

   b. Die vrou skree om (help) toe die man in die restaurant flou val. (1)

**TOTAAL: 20**



# Studente betrokke

***Beyond Education Program (Opstel van Aktiwiteite):***

Adams, Ghiaan; Adams, Nerisha; Amsterdam, Kaylin; Coleman, Jessica; Daggia, Saabirah; De Jongh, Ilke Tonya; De Wet, Amber; Du Toit, Melanie; Ehrlich, Chandré; Grobler, Jö; Hansen, Sarah; Harrison, Stephanie; Jansen, Jayson-Lee; Kriel, Karlien; Mahoney,Charnay; Matthee, Linmari; Meyer, Kalsy; Nkosi, Ntandonkosi; Ohlson, Jade; Regenstein, Madré; Richardson, Kirsty; Rowland, Emma; Stemmet, Charlise; Swart, Marianke; Thompson, Lizelle; Van Sitters, Erin; Van Wyk, Kayleigh; Visser, Fébé; White, Ali.

***Onderwys Studente Komitee (Redigering):***

Adams, Marcel; Boulle, Kayla; Bromfield, Samantha; Davis, Casey; Erasmus, Kirsten; Landman, Lelanie; Norman, Jamie; Opperman, Celeste; San, Terri-Leigh; Van Zyl, Allené.

